kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Skaam anders geraam

Skriflesing: Markus 8:27-38

Broodjies vir die pad

"This being human is a guest house. Every morning is a new arrival. A joy, a depression, a meanness, some momentary awareness comes as an unexpected visitor...Welcome and entertain them all. Treat each guest honorably. The dark thought, the shame, the malice, meet them at the door laughing, and invite them in. Be grateful for whoever comes, because each has been sent as a guide from beyond."
— Mawlana Jalal-al-Din Rumi

"Sometimes people are beautiful.
Not in looks.
Not in what they say.
Just in what they are."
— Markus Zusak, I Am the Messenger

"It is only because of problems that we grow mentally and spiritually. "
— M. Scott Peck

"The difficult thing isn't living with other people, it's understanding them."
— José Saramago, Blindness

"There are such moments in life, when, in order for heaven to open, it is necessary for a door to close."
— José Saramago, The Cave
José Saramago is one of the most important international writers of the last hundred years. Born in Portugal in 1922, he was in his sixties when he came to prominence as a writer with the publication of Baltasar and Blimunda. A huge body of work followed, translated into more than forty languages, and in 1998 he was awarded the Nobel Prize in Literature. Saramago died in June 2010.

"the three factors that seem to have the greatest influence on increasing our happiness are our ability to reframe our situation more positively, our ability to experience gratitude, and our choice to be kind and generous."
— Dalai Lama XIV, The Book of Joy: Lasting Happiness in a Changing World

"In a futile attempt to erase our past, we deprive the community of our healing gift. If we conceal our wounds out of fear and shame, our inner darkness can neither be illuminated nor become a light for others."
— Brennan Manning, Abba's Child: The Cry of the Heart for Intimate Belonging

Op my ou Karoo

Hier wil ek rus op ons vaal Karoo –
    Hier, waar die veld 'n leegte is –
    Hier, by die slang en die akkedis –
Hier, met die hemel blou daarbo.

Grawe hier, boetie, 'n graf vir my!
    Hier is ek tuis, my land is hier –
    Hier, waar die korhaan bruilof vier –
Hier wil ek lê in ons grougeel klei.

Stel nie 'n klip of 'n kruis daarbo;
    Skrywe geen teks wat 'n mens kan lees;
    Sê net: 'Hy slaap waar hy wou wees –
Hier in die skoot van ons vaal Karoo.

Rond oor die wêreld het hy gereis;
    Nêrens was uitkoms vir sy hart;
    Orals was donker, die wolke swart –
Orals die wêreld vaal en grys.

Nou lê hy diep hier in die sand;
    Nou slaap hy vas, want hy rus in sy graf.
    Was hy 'n sondaar, dan is sy straf
Lank afgewerk in 'n vreemde land.

Praat van hom nie as 'n skuldenaar nie:
    Hy het betaal tot die laaste toe!
    Hy het gely – ja, ons weet nie hoe! –
Broer van almal, en maat van ... wie?'

Dit is jou rede oor my lyk,
    Dit jou gedagte as jy daar staan –
    Daar by my graf, waar die vollemaan
Deur God se vensters na onder kyk.

Laat vir my slaap, boetie! Ek het vaak:
    Dof is my oë, my siel is moeg.
    Gaan jy maar voort met jou land te ploeg,
Tot ook jou siel in die duister raak.

Laat my alleen op die toekoms wag,
    Hier in my graf op ons vaal Karoo.
    Dek my met veldbossies, boetie! So,
Nou sal ek rus tot die laaste dag.

C. Louis Leipoldt

"The most important things are the hardest things to say. They are things you get ashamed of, because words make them smaller. When they were in your head they were limitless; but when they come out they seem to be no bigger than normal things. But that's not all. The most important things lie too close to wherever your secret heart is buried; they are clues that could guide your enemies to a prize they would love to steal. It's hard and painful for you to talk about these things ... and then people just look at you strangely. They haven't understood what you've said at all, or why you almost cried while you were saying it."
— Stephen King, The Body

Die lente was daardie jaar anders as ooit

Dana Snyman

Dit was die lente toe reeds meer as 80 000 mense in die land aan Covid-19 dood is. Dalk veel-veel meer. Oor party amptelike syfers wat ons regering uitreik, kan vrae gevra word.

Die lente toe ons besef het ons gaan nie gou ’n goeie regering hê nie, dat ons – die mense van die land – self dinge in ons gemeenskappe sal moet begin doen om ons stede en woonbuurte meer leefbaar te maak. Ons kan op prinse nie meer vertrou nie.

Die lente toe die land se probleme steeds dieselfde was – geweld, korrupsie, werkloosheid, armoede – maar iets binne-in baie van ons, die mense van die land, verander het. Die lente ná die winter toe oudpres. Jacob Zuma tronk toe is en Carl Niehaus, sy woordvoerder, al meer met die geaffekteerde stem van ’n predikant uit ’n vroeër tyd gepraat het.

Die lente toe baie mense ontdek het jy kan in Suid-Afrika reis, jy hoef nie altyd oorsee daarvoor te gaan nie.

Die lente toe ons al hoe meer daardie woord begin hoor het: klimaatsverandering. Toe baie van ons begin verstaan het die aarde is ’n lewende geheel. Alles is verbind aan mekaar en afhanklik van mekaar: lug, water, grond, die plante, die insekte, reptiele, die diere; en ons, die mens. Alles een. Gaia. Moeder Aarde. Wat met ’n vlooi of ’n olifant gebeur, raak ook jóú op ’n manier. Ons met ons onbeperkte begeertes en grenslose drome het die ewewig versteur wat tussen alles behoort te bestaan. Ons wat knaend soos ’n bedorwe kind net meer wil hê, hê, hê.

Die lente toe ons steeds gepraat het van die dokumentêre fliek oor daardie seekat wat ’n Oscar gewen het en steeds ’n bietjie verbaas was dat ons oor ’n seekat se lot verdrietig kon raak.

Die lente toe ons weer ons koeldrank in papierstrooitjies begin opsuig het en jy besef het jy word oud. Baie mense weet nie van die papierstrooitjie-era nie.

Die lente toe dit in party Afrikaanse gemeenskappe weer gevoel het soos lank terug: Hierdie keer is dit nie Nat of Sap nie, grootdoop of kleindoop, of Ford of Chev nie. Nou is dit: Om jou te laat inent teen Covid-19 of om jou nie te laat inent nie.

Die lente toe dié wat hulle laat inent het in die ry gestaan het voor ’n gemeenskapsaal of ’n stadsaal of ’n kliniek en gekyk het hoe behendig die inent-mense optree – en gedink het: Hier wil ek tog maar bly. Die lente toe baie van ons besef het hoop is nie maklik nie, dit is iets wat tussen mense moet gebeur – dikwels mense anders as jy.

Die lente toe ons Albert Camus se woorde vir mekaar aangestuur het: “In the midst of winter, I found there was, within me, an invincible summer. And that makes me happy. For it says that no matter how hard the world pushes against me, within me, there’s something stronger – some-thing better, pushing right back.”

Die lente toe ons vir mekaar gesê het: “Die lewe is kort.”

Die lente wat vir ons vroeër gekom het toe die Springbokke die Britse en Ierse Leeus in die toetsreeks van drie wedstryde geklop het.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-lente-was-daardie-jaar-anders-as-ooit-20210906-3

Brood vir die pad

’n Manjifieke mirakel lê in elke oomblik

Wilhelm Jordaan

Ons gaan nie noukeurig genoeg om met die woord “oomblik” nie. Meestal bedoel ons daarmee ’n kort rukkie wat gou verbygaan sodat jy dit skaars kan onthou. Soos in: Die pyn het net ’n oomblik geduur, toe is dit verby. Dit was nie meer seer nie.

Só gesien is “oomblik” hoofsaaklik ’n tydmerker, deel van die terreur van die horlosie in ons lewe, meetbaar in (nano)sekondes, minute, ure, weke, maande en jare. Die Covid-19-pandemie het ons tydsbesef wel radikaal verander; laat besef dat elke lewensoomblik gekoester moet word – sodat elke oomblik ’n klein mirakel is wat onthou kan word, nie maar net eensklaps verby is nie.

Sheila Cussons se gedig “Flits uit ’n braaipan” beaam die mirakel van die oomblik. Vet spat uit ’n pan op die stoof en maak haar seer. Daaruit kom haar flitsende, brandende gedagtegang oor die mens se hart – die “kamme-ongeërgdheid; /ingewikkeld, / huigelend, dapper, gedrogtelik”. En tog bevat dit iets van God se hart.

Daarom, sê die digter, moet God bedank word vir sy “geniale besluit” om ’n “mens te laat wees” wat God se aard en hart bevat. En wat ons toelaat om met “die einste hart” twyfelloos in die oomblik te sê: “Dit is nie net ‘goed’ nie, Heer; dis manjifiek.”

Die mirakel van die oomblik bevestig dit is liefde wat God en mens verbind. Juis daarom kan ons liefde van oomblik tot oomblik bedink en betuig, soos Herman van Veen, die Nederlandse liedjiemaker, dit beskryf in “Al was het”: “Liefde is teerheid / Liefde is toegeneentheid / Liefde is barmhartigheid / Liefde is geregtigheid / Liefde is ’n ewigheid in ’n sekonde.”

Om só oor oomblikke te dink, maak jou bewus van tyd wat genesende ruimte skep – daar waar die eenmalige onvervangbare oomblikke aan’t gebeur is in die geleenthede wat nóú en hier oor jou pad kom. Daar waar ’n ander mens lewensveranderend deur jou teenwoordigheid aangeraak word – jou vrou, man, kind, kleinkind, vriend, vriendin én die nog ongekende onbekendes.

Elke mens het, juis nou met die pandemie, die mirakel van die oomblik nodig. Want ons lewe tans ongeduldig en beangs; vreemd vir die ander en daarom bang vir die ander.

Bewustheid van die oomblik help ons om te dink soos die karakter Daniel Ziskind in Dara Horn se romanThe World to Come: “Time is created through deeds of true kindness. Days and hours are not time, but merely vessels for it, and too often they are empty until an act of generosity changes it in an instant and sends it soaring through arcs of rich seasons, moment after spinning moment of racing beauty. And then, with a single unkind deed, a single withheld hand, time ceases to exist.”

Tyd word dan teenwoordigheid in elke onvervangbare oomblik: Die geleentheid wat nóú oor jou pad kom – om te sien deur die oë van ’n ander; te hoor deur die oor van ’n ander; en te voel deur die hart van ’n ander. Juis dít is die mirakel van ons lewensoomblikke.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/n-manjifieke-mirakel-le-in-elke-oomblik-20210907

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877